



eduresourceza.com

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seileinde gesang –
 vlak bo die waterspieel
 van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:
waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind
met wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

Bookmark (translated)

1. Children
2. with cheeks like sparrows
3. that wrestle with every morning
4. hands always whirling wings
5. each little body a soaring hymn –
6. just above the water mirror
7. of a stone floor passage
8. diligently the drops of sound shower
9. over her until with surprise she tastes
10. the smell of bitter sweet jasmine
11. from her school years
12. where she also could grumble
13. and protest:
14. why is everything always far away

15. why is everything always here
16. why must I learn
17. about adding subtracting division
18. about dead poets
19. from the olden days
20. and which country is where
21. and why the sun rotates

22. then she recreated the day –
23. she worked with every school bell
24. for the sparrow child:

25. come let's press the wind
26. with cheeks like soldiers

27. until each one only the scent
28. of jasmine can bookmark
29. against the misfortune of our
30. very long journey

ASPEKTE VAN DIE GEDIG:

TEMA: Die invloed van onderwysers op leerders

STEMMING: Positief en liefdevol

BOU: Vrye vers (i) strofe lengtes verskil
(ii) geen spesifieke rymskema nie

TITEL: Vertel waarom gedig gaan – boekmerk – plekwyser in boek

Plekwyser in lewe van kinders

Simboliese boekmerk vir kinders gee, sodat wanneer hulle terugdink aan hul skooljare, dit lekker moet wees – positief om saam te neem regdeur die lewenspaai wat hulle nog moet loop.

BEELDSPRAAK:

1. Alliterasie: dooie digters
2. Assonansie: on or
3. Enjambement: 1 versreël vloei in die ander een in = beweging van kinders
4. Herhaling: “waarom” ; “met wange soos mossies / soldaatjies
5. Intertekstualiteit: Gedig verwys na teks wat reeds bestaan – Christelike Bybel Matt. 10:29
6. Metafoor: Kinders se hande = woerende vlerke
7. Oksimoron: twee teenoorgestelde begrippe word direk met mekaar verbind – bitter + soet = bittersoet.
8. Personifikasie: menslike eienskappe aan nie-menslike dinge gee - “elke lyfie ‘n seilende gesang”
9. Progressie: hou verband met ontwikkeling en verandering.
 - (i) Tydsverloop – onderwyser hoor kinders – onthou eie skooljare
 - (ii) Reuk van Jasmyn (bittersoet) – geur van Jasmyn (heerlik soet)
 - (iii) Spreker – toeskouer = onthou eie skoolloopbaan — wil kinders se skoollewe beter/lekkerder maak
10. Vergelyking: wange soos mossies (net soos; nes)

Boekmerk – *bookmark* : Selfstandige naamwoord (*noun*) = bladwyser of 'n strokie papier wat tussen blaaie van 'n boek geplaas word om te wys waar die leser opgehou lees het. Werkwoord (*verb*) = hierdie woord is nie gewoonweg 'n werkwoord nie, maar in hierdie gedig word dit so gebruik. Hier beteken dit dat jy aangename herinneringemoet vasle wat vir jou 'n bladwyser op jou lewenspad kan wees.

Ellelange – *very long* (baie lank)

Geur – *fragrance*

Jasmyn – *jasmin* ('n soort blom wat soet ruik)

Mor – *grumble*

Namens – *on behalf of*

Onheil – *misfortune* ('n slegte of treurige gebeurtenis)

Pars – *press* (om gewig op blomblare te plaas sodat al die vog daaruit verdwyn)

Reuk – *smell*

Stoei – *wrestle*

Toentertyd – *long ago* (lankal)

Woerende vlerke – *moving wings* (hande beweeg altyd)

Die gedig handel oor herinneringe aan skooldae. Dit was vir die digter lekker, maar daar was ook slegte dinge, want sy verwys na die heerlike bittersoet reuk van Jasmyn.

KONTEKSTUELE VRAE:

1. Hoe beklemtoon die spreker die feit dat hierdie gedig oor kindershandel?
2. Skryf die vergelyking neer wat in versreëls 1-2 voorkom.
3. Watter woord in strofe 1 boots die klank wat die mossievlerke maak, na?
4. In strofe 2 is twee woorde wat in kontras met mekaar staan, saamgevoeg tot een woord. Skryf die woord neer, en sê wat die spreker bedoel.
5. SKryf die woorde neer wat op personifikasie dui (versreël 25-26)
6. Wie is "mossiekind" (versreël 24)?
7. Wat simboliseer dit as 'n mens 'n boekmerk in jou "lewensboek" of herinneringe plaas?
8. Waarna verwys die slotreël?
9. Verduidelik die titel van die gedig op letterlike en op figuurlike vlak.
10. Wie is hier aan die woord? Gee 'n rede vir jou antwoord.
11. Waaruit kan ons aflei dat strofe 1 oor laerskoolkinders gaan?
12. Skryf 3 woorde neer wat die leerders se optrede beskryf.
13. Waarom sal leerders 'n onderwyser moedeloos maak?
14. Waarom dink die onderwyseres terug aan haar skooldae?
15. Hoekom is die Jasmyn "bittersoet"?
16. Maak 'n lys van die dinge waaroor die leerders vrae het.
17. Wat beteken dit dat die onderwyseres "namens mossiekind" werk?
18. Gee een woord uit die strofe vir "verpak tot 'n herinnering."
19. Van watter dinge kan 'n mens in jou eie lewe 'n "boekmerk" maak?
20. Wat, dink jy, is die boodskap van hierdie gedig?
21. Benoem 'n vergelyking in strofe 1.
22. Gee 'n voorbeeld van 'n metafoor in strofe 1.
23. Haal 'n voorbeeld aan van 'n enjambement?
24. Wat is die funksie van die enjambement?
25. Gee 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 2.
26. Hoekom is "wange soos soldaatjies" 'n treffende vergelyking?

1. Die gedig begin met die woord “kinders”, wat alleen in die eerste versreel staan.
2. Skryf die vergelyking neer wat in versreëls 1-2 voorkom.
3. Watter woord in strofe 1 boots die klank wat die mossievlerke maak, na?
4. Bitter + soet = Bittersoet. Dit is lekker, maar daar is ook slegte elemente by betrokke.
5. “...pars die wind met wange soos soldaatjies...”(versreël 25-26)
6. Laerskool kinders in die onderwyseres se klas. (versreël 24)?
7. Dat jy die dinge moet onthou.
8. Na die lewe nadat skooljare verby is – ‘n mens weet nooit wat vir jou voorle nie.
9. Letterlik: plaas ‘n boekmerk in jou dagboek. ‘n Bladwyser waarmee jy jou plek in ‘n boek hou.
Figuurlik: Goeie herinneringe wat jy kleintyd bymekaar moet maak wat later in jou lewe vir jou ‘n rigtingwyser kan wees en jou kan beskerm teen die lewe se harde slae./ Moenie die lewensherinneringe van die goeie dae van skool vergeet nie. Lewensreis.
10. Laerskool onderwyseres. Sy praat van haar eie ondervindinge as klein kind op skool.
11. “mossies” en “lyfie” dui daarop dat hulle nog klein is.
12. “soei”, “woerende” en “seilende”.
13. As hulle nie luister nie/ nie die regte dinge doen nie / nie regkom met wat hulle behoort te doen nie.
14. Die baie praterij van die kinders in die gang.
15. Die reuk van jasmyn is verskriklik soet – daarom die intensiewe vorm van Soet = Bittersoet.
16. Wiskunde, Tale en Aardrykskunde/Geografie.
17. Hy/Sy probeer hul bes om die lewe vir die kinders in die skool aangenaam te maak.
18. Boekmerk.
19. Hoogtepunte in skooljare, gradeplegtigheid, troudag, geboorte van kinders, ens.
20. Dat onderwysers hul bes moet doen om die lewe vir kinders aangenaam moet maak.
21. “...wange soos mossies...”
22. “...hande altyd woerende vlerke...”
23. “...vlytig stort die druppels klank oor haar uit...”
24. Om die vloei/beweging van die kinder uit te beeld.
25. **oe** soos in soet en proe/ **aa** van haar, waar, verbaas.
26. Kinders se rooi wangetjies soos speelgoedsoldate. Kinders moet in rye staan soos soldate.